

# **JAARBOEK 2009**

FAKULTEIT  
OPVOEDINGSWETENSKAPPE  
VOORGRAADSE PROGRAMME  
NGOS

**Potchefstroomkampus**

**This Calendar is published in Afrikaans because Afrikaans is the medium of instruction on the Potchefstroom Campus. Correspondence however, may be conducted in either Afrikaans or English.**

Rig alle korrespondensie aan  
Die Registrateur  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus  
Privaatsak X6001  
POTCHEFSTROOM  
2520

Tel: (018)299-1111/2222  
Faks: (018)299-2799  
Internet: <http://www.nwu.ac.za>

**U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD**

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle leerders hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel en is op die webblad beskikbaar by:

<http://www.puk.ac.za/beheer-bestuur/beleid-reëls.html>

**Let wel:** Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke leerder se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n leerder se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

## Inhoudsopgawe

<b>Amptenare</b>		<b>iv</b>
<b>1.</b>	<b>ONDERRIGBELEID</b>	<b>1</b>
<b>2.</b>	<b>NAVORSINGSBELEID</b>	<b>1</b>
<b>3.</b>	<b>NAVORSINGSFOKUSAREA</b>	<b>1</b>
<b>4.</b>	<b>FAKULTEITSREËLS</b>	<b>2</b>
4.1	Gesag van die A-Reëls	2
4.2	Fakulteit Spesifieke Reëls	2
4.3	Waarskuwing teen Plagiaat	2
4.4	Kapasiteitsbepalings	2
4.5	Skole in die Fakulteit	3
4.6	Kwalifikasies, Programme en Kurrikulums	4
<b>5.</b>	<b>KWALIFIKASIES, RIGTINGS EN PROGRAMME</b>	<b>18</b>
<b>6.</b>	<b>MODULES EN KREDIETE</b>	<b>18</b>
<b>OP.1</b>	<b>REËLS VIR DIE NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT (NGOS)</b>	<b>18</b>
<b>OP1.1</b>	<b>DIE AARD EN DOEL VAN DIE SERTIFIKAAT</b>	<b>18</b>
<b>OP1.2</b>	<b>PROGRAM UITKOMSTE</b>	<b>18</b>
<b>OP1.3</b>	<b>DUUR VAN STUDIE</b>	<b>18</b>
<b>OP1.4</b>	<b>TOELATINGSVEREISTES</b>	<b>19</b>
<b>OP1.5</b>	<b>LYS VAN MODULES</b>	<b>19</b>
<b>OP1.6</b>	<b>PROGRAM: NGOS SENIOR EN VERDERE ONDERWYS- EN OPLEIDINGSFASE 424 107</b>	<b>22</b>
OP1.6.1	Lys van modules	22
OP1.6.2	Kurrikulumsamestelling	22
OP1.6.3	KURRIKULUM O160P	22
<b>OP1.7</b>	<b>EKSAMINERING (ASSESSERING)</b>	<b>23</b>
OP1.7.1	Toelating tot die eksamen	23
OP1.7.2	Modulepunt	23
OP1.7.3	Vordering en slaagvereistes van 'n kurrikulum	23

<b>OP1.8</b>	<b>ANDER REËLS</b>	<b>24</b>
OP1.8.1	Gerigte waarneming	24
OP1.8.2	Praktiese Onderwys	24
OP1.8.3	Verwerwing van taalendossemente	24
<b>OP.2</b>	<b>MODULE-UITKOMSTE</b>	<b>25</b>

## **AMPTENARE**

### **DEKAAN**

Prof P Engelbrecht

### **DIREKTEURE**

#### **Skool vir Kurrikulumgebaseerde studies**

Prof BW Richter

#### **Skool vir Opvoedkunde**

Prof HD Nieuwoudt

#### **Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding**

Prof EJ Spamer

#### **Navorsingsfokusarea Onderrigleerorganisasies**

Prof JLdeK Monteith

### **Fakulteitsraad**

1. **Direkteure**
  - Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies (SKS)
  - Skool vir Opvoedkunde (SO)
  - Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO)
  - Navorsingsfokusarea (NFA)
2. **Fakulteitsverteenvoordigers op Kampussenaat**
3. **Fakulteitsverteenvoordigers op die Institusionele Senaat**
4. **Programleiers**
  - B. Ed.
    - Grondslagfase
    - Intermediêre en Seniorfase
    - Senior en Verdere Onderwys en Opleidingsfase
    - Senior en Verdere Onderwys en Opleidingsfase (Technika)
  - NGOS
  - BTD
  - Hons B. Ed.
  - MEd & PhD
  - GOS
  - NPOD
5. **Vakgroepvoorsitters**
6. **Hoof: Akademie (SVO)**
7. **Hoof: Bedryf en Administrasie (SVO)**
8. **Hoof: Projekte en Kortkursusse (SVO)**
9. **Studenteverteenvoordigers**
10. **Administratiewe Bestuurder (ex-officio) (Notulehouer)**

## 1. ONDERRIGBELEID

Die onderrigbeleid van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe is in lyn met die visie en missie van die Noordwes-Universiteit en die Fakulteit Opvoedingswetenskappe. Die beleid reël die volgende sake wat betrekking het op onderrig in die Fakulteit:

- Effektiewe onderrig
- Opvoedkunde, Onderwys en Opleiding
- Onderrigmedium
- Onderrig gerig deur religieus-gefundeerde waardes
- Versekering van onderrigkwaliteit
- Ondersteuning van dosente
- Afleweringsmodi
- Assessering
- Tegnologie en Onderrig

## 2. NAVORSINGSBELEID

Die navorsingsaktiwiteite in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe is in ooreenstemming met sowel die missie van die Noordwes-Universiteit as die strategiese bestuursplan van die Navorsingsfokusarea Onderrigleerorganisasies. Die doel met die navorsing is:

- (i) die ontginning van nuwe kennis op die terreine van die Opvoedkunde wat die fokus van die navorsingsfokusarea is;
- (ii) die interpretering, sistematisering en praktykmaking van bestaande kennis met die oog op die onderrigtaak;
- (iii) om vaktipiese onderrigmetodes te ondersoek;
- (iv) die evaluering van bestaande teorieë en metodes, die ontwikkeling van nuwe teorieë en die ontwikkeling van nuwe metodes;
- (v) die ontginning van bestaande en nuwe kennisbronne met die oog op die dienslewering aan die gemeenskap;
- (vi) die ondersoek na al daardie aktiwiteite wat effektiewe onderwys moontlik maak soos onderwysbestuurs-, onderwysregtelike en onderwysstelselkundige aktiwiteite.

## 3. NAVORSINGSFOKUSAREA

Skoolonderwys in Suid-Afrika word in die gesig gestaar deur talle uitdagings, veral met betrekking tot die voorsiening van onderwys van hoë gehalte aan alle leerders. Die Navorsingsfokusarea getitel Onderrig-leer-organisasies (Teaching-Learning Organisations), is spesifiek daarop gerig om 'n betekenisvolle en doelgerigte bydrae te lewer tot die verbetering van die gehalte van leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole deur middel van toepaslike navorsing van hoë gehalte. Ten einde hierdie doel te kan bereik is die Fokusarea gestruktureer as twee subprogramme en 'n nis-area. Een subprogram fokus op die veranderlikes of determinante wat 'n invloed uitoefen op die verbetering van die funksionering van die onderrig-leer-organisasie (dit is die skool/onderwysstelsel), terwyl die ander subprogram op die verbetering van die doeltreffendheid van die onderrig- en leeraktiwiteite in die klaskamer as sodanig konsentreer. Daarbenewens is die nisarea, getitel *Leerderondersteuningstrategieë vir leerhindernisse in inklusiewe onderwys (Learner support strategies for barriers to learning in inclusive education)*, spesifiek gerig op struikelblokke op die weg van leer wat leerders moontlik in die skool kan ondervind. Deur tersaaklike navorsing van hoë gehalte poog die Navorsingsfokusarea om 'n bydrae te lewer tot beide die doeltreffende funksionering van die onderwysstelsel en die skole as organisasies, asook om doeltreffende onderrig en leer in die klaskamer te bevorder.

## 4. FAKULTEITSREËLS

### 4.1 Gesag van die A-Reëls

Die fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie Fakulteit geld en in hierdie fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Reëls saamgelees word.

### 4.2 Fakulteit spesifieke reëls

#### 4.2.1 EKSAMINERING

##### 4.2.1.1 Toelating tot die eksamen

Toelating tot die eksamen in enige module waarin eksamen gekryf word, geskied deur die verowering van 'n deelnamebewys uitgereik deur die skooldirekteur nadat bewys gelewer is dat die student die onderrigleeropdragte ooreenkomstig die kurrikulumvoorskrifte soos uiteengesit in die studiegids, uitgevoer het.

##### 4.2.1.2 Deelnamepunt

- a) Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel uit toetse, werkstukke en praktiese werk waar van toepassing.
- b) Die verhouding tussen teorie en prakties vir die berekening van die deelnamepunt vir modules is soos uiteengesit in die betrokke studiegids.

##### 4.2.1.3 Modulepunt

Die modulepunt vir modules waarin eksamen geskryf word, word volgens die voorskrifte van A.1.3.8 en A.8.7.4 bereken volgens die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos aangegee is by die module-uitkomste aan die einde van die fakulteitreeëls in hierdie jaarboek .

##### 4.2.1.4 Vordering en slaagvereistes van 'n kurrikulum

- a) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf word, is 40%.
- b) Die slaagvereistes vir 'n module is 50% (A.8.7.1).
- c) Met toestemming van die skooldirekteur kan die punt van 'n module van 'n student wat vir die eerste keer by hierdie universiteit geregistreer is en 'n eersteplakmodule van die eerste semester drui na 'n slaagpunt van 50% verander word mits hy/sy wel 'n eksamenpunt van minstens 50% in daardie module behaal. (A.8.7.3).
- d) 'n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is, afsonderlik te slaag.

##### 4.2.1.5 Herhaling van modules

'n Student kan die eksamen in enige module hoogstens twee keer aflê binne twaalf maande wat volg op die datum van die student se eerste registrasie vir sodanige module, waarna die betrokke module weer van vooraf geloop moet word.

### 4.3 Waarskuwing teen plagiaat

Werkstukke is individuele take en nie groeppaktiwiteite nie, (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groeppaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na: <http://www.puk.ac.za/beheer-bestuur/beleid-reels/index.html>

### 4.4 Kapasiteitsbepalings

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde

studierigting te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

**4.5 Skole in die fakulteit**

<b>Skool</b>	<b>Vakgroep</b>
Skool vir Kurrikulumgebaseerde studies	Afrikaans Ekonomiese en Bestuurs Wetenskappe English Inligting Tegnologie Kuns en Kultuur Lewenswetenskappe Setswana Sosiale Wetenskappe Tegnika Tegnologie Wiskunde
Skool vir Opvoedkunde	Bewegingskunde Grondslagfase Lewensoriëntering Opvoedkunde



4.6 Kwalifikasies, programme en kurrukulms

Kwalifikasie	Program en Kode	Kurrikulum en Kode	Metode van Aflewering	NKR-Vlak
<b>Nagraadse Onderwys-sertifikaat (NGOS)</b>	Senior en Verdere Onderwys en Opleidingsfase (Grade 7-12) 424 107	Kyk OP.1.5	Voltyds SBO	6

<b>EERSTE BACCALAUREUS GRAAD</b>				
<b>KWALIFIKASIE</b>	<b>PROGRAM EN KODE</b>	<b>KURRIKULUM EN KODE</b>	<b>METODE VAN AFLEWERING</b>	<b>NKR-VLAK</b>
<b>Baccalaureus Educationis (B.Ed.)</b>	Grondslagfase 422 100	Grondslagfase O171P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
	Intermediêre en Seniorfase 422 101	Leerarea Natuurwetenskappe O172P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Leerarea Tegnologie O173P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Leerarea Tale O174P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6

<b>EERSTE BACCALAUREUS GRAAD</b>				
<b>KWALIFIKASIE</b>	<b>PROGRAM EN KODE</b>	<b>KURRIKULUM EN KODE</b>	<b>METODE VAN AFLEWERING</b>	<b>NKR-VLAK</b>
		Leerarea Sosiale Wetenskappe O175P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappe O176P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Leerarea Lewensoriëntering O177P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Leerarea Kuns en Kultuur O178P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Leerarea Wiskunde O179P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
	Senior en Verder Onderwys en Opleidingsfase 422 102	Onderwysafrikaans O180P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege	6

<b>EERSTE BACCALAUREUS GRAAD</b>				
<b>KWALIFIKASIE</b>	<b>PROGRAM EN KODE</b>	<b>KURRIKULUM EN KODE</b>	<b>METODE VAN AFLEWERING</b>	<b>NKR-VLAK</b>
			SBO	
		Onderwyslewendenskappe O181P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwystegnologie O182P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwysengels O183P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwysekonomie O184P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwysgeskiedenis O185P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwysgeografie O186P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege	6

<b>EERSTE BACCALAUREUS GRAAD</b>				
<b>KWALIFIKASIE</b>	<b>PROGRAM EN KODE</b>	<b>KURRIKULUM EN KODE</b>	<b>METODE VAN AFLEWERING</b>	<b>NKR-VLAK</b>
			SBO	
		Lewensoriëntering O187P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwyskuns O188P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwysbewegins kunde O189P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwys Fiesies Wetenskappe O190P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwysbesigheid studies O191P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwysrekeningk unde O192P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege	6

<b>EERSTE BACCALAUREUS GRAAD</b>				
<b>KWALIFIKASIE</b>	<b>PROGRAM EN KODE</b>	<b>KURRIKULUM EN KODE</b>	<b>METODE VAN AFLEWERING</b>	<b>NKR-VLAK</b>
			SBO	
		Onderwysrekenaart oepassing Tegnologie O193P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwyswiskunde O194P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Wiskundige Geletterheid O195P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwyssetswana (M) O196P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Onderwyssetswana (NM) O197P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege SBO	6
		Ingenieursgrafika en Ontwerp O198P	Voltyds Deeltyds SWO-AROS SWO-CEDAR Kollege	6

<b>EERSTE BACCALAUREUS GRAAD</b>				
<b>KWALIFIKASIE</b>	<b>PROGRAM EN KODE</b>	<b>KURRIKULUM EN KODE</b>	<b>METODE VAN AFLEWERING</b>	<b>NKR-VLAK</b>
			SBO	
	Senior en Verdere Ondewys en Opleidingsfase (Technika) 422 112	Meganiese Tegnologie O199P	Voltyds Deeltyds SBO	6
		Siviele Tegnologie O200P	Voltyds Deeltyds SBO	6
		Elektriese Tegnologie O201P	Voltyds Deeltyds SBO	6
<b>Baccalaureus in Opleiding en Ontwikkeling (B.TD)</b>	Opleiding en Ontwikkeling 468 100	Menslike Hulpbronontwikkeling O100P	Voltyds Deeltyds	6
<b>HONNEURSGRAAD</b>				
<b>Honneurs-Baccalaureus Educationis (HonsBEd)</b>	Onderrig en Leer: 464 120	Algemene onderrig en leer: O601P/C/N	Voltyds Deeltyds Vakansiemodel SWO:OLA JHB SWO:Namibië Fleksie SWO: Kimberley SWO: Upington	7
		Lewenswetenskappe- onderwys: O602P	Voltyds Deeltyds Vakansiemodel	7

KWALIFIKASIE	PROGRAM EN KODE	KURRIKULUM EN KODE	METODE VAN AFLEWERING	NKR-VLAK
<b>Honneurs-Baccalaureus Educationis (HonsBEd)</b>	Onderrig en Leer: 464 120	Natuurwetenskaponderwys: O603P	Voltyds Deelyds Vakansiemodel	7
		Opvoedkundige Opleiding en Ontwikkeling: O604P	Voltyds Deelyds Vakansiemodel	7
		Wiskunde-onderwys: O607P	Voltyds Deelyds Vakansiemodel Fleksie	7
		Bewegings-onderwys: O611P	Voltyds Deelyds Vakansiemodel	7
		Rekenaarwetenskaponderwys: O612P	Voltyds Deelyds Vakansiemodel	7
		Geografie-onderwys: O613P	Voltyds Deelyds Vakansiemodel	7
		Afrikaanse Taalonderwys: O614P	Voltyds Deelyds Vakansiemodel	7
		English Language Teaching: O615P	Voltyds Deelyds Vakansiemodel	7
	Onderwysbestuur, -reg en -stelsels: 464 121	Onderwys-bestuur, -reg en -stelsels: O608P/C/N	Voltyds Deelyds Vakansiemodel SWO:OLA JHB SWO:Namibië Fleksie SWO: Kimberley SWOUington	7

KWALIFIKASIE	PROGRAM EN KODE	KURRIKULUM EN KODE	METODE VAN AFLEWERING	NKR-VLAK
	Opvoedkundige Sielkunde: 464 122	Opvoedkundige Sielkunde: O609P	Voltyds Deelyds Vakansiemodel	7
		Leerderonder- steuning: O610P/C/N	Voltyds Deelyds Vakansiemodel SWO:OLA JHB SWO:Namibië Fleksie SWO: Kimberley SWO:Upington	7



<b>MEESTERSGRAAD</b>				
<b>KWALIFIKASIE</b>	<b>PROGRAM EN KODE</b>	<b>KURRIKULUM EN KODE</b>	<b>METODE VAN AFLEWERING</b>	<b>NKR-VLAK</b>
<b>Magister Educationis (MEd)</b>	Onderrig en Leer: 403 120	Onderrig en Leer: O801P	Voltyds Deeltyds	8
	Natuurwetenskap- onderwys: 403 121	Natuurweten- skaponderwys: O802P	Voltyds Deeltyds	8
	Onderwysbestuur: 403 122	Onderwys-bestuur: O803P	Voltyds Deeltyds	8
<b>Magister Educationis (MEd)</b>	Onderwysreg: 403 123	Onderwysreg: O804P	Voltyds Deeltyds	8
	Educational Psychology: 403 124	Educational Psychology: O805P	Voltyds Deeltyds	8
	Vergelykende Opvoedkunde: 403 125	Vergelykende Opvoedkunde: O806P	Voltyds Deeltyds	8
	Wiskunde- onderwys: 403 126	Wiskunde-onderwys: O807P	Voltyds Deeltyds	8
	Leerderonder- steuning: 403 127	Leerderonder- steuning: O808P	Voltyds Deeltyds	8
	Skoolvoorligting en -begeleiding: 403 128	Skoolvoorligting en - begeleiding: O809P	Voltyds Deeltyds	8
	Filosofie van die opvoeding: 403 129	Filosofie van die opvoeding: O810P	Voltyds Deeltyds	8
	Bewegings- onderwys: 403 130	Bewegings- onderwys: O811P	Voltyds Deeltyds	8

KWALIFIKASIE	PROGRAM EN KODE	KURRIKULUM EN KODE	METODE VAN AFLEWERING	NKR-VLAK
	Rekenaarwetenskaponderwys: 403 131	Rekenaarwetenskaponderwys: O812P	Voltyds Deeltyds	8
	Opleiding en Ontwikkeling: 403 132	Opleiding en Ontwikkeling: O813P	Voltyds Deeltyds	8
	Onderwyspraktyk: 403 133	Leerderondersteuning en lewensoriëntering: O816P	Deeltyds	8
		Leer en onderrig: O817P	Deeltyds	8
		Natuurwetenskaponderwys: O818P	Deeltyds	8
<b>Magister Educationis (MEd)</b>	Onderwyspraktyk: 403 133	Onderwys-bestuur en onderwys-organisasies: O819P	Deeltyds	8
		Onderwysreg: O820P	Deeltyds	8
		Opleiding en ontwikkeling: O821P	Deeltyds	8
		Vergelykende Opvoedkunde: O822P	Deeltyds	8
		Wiskunde Onderwys: O823P	Deeltyds	8
		Bewegingsonderwys: O824P	Deeltyds	8
		Rekenaarwetenskaponderwys: O825P	Deeltyds	8

<b>DOKTORSGRAAD</b>				
<b>KWALIFIKASIE</b>	<b>PROGRAM EN KODE</b>	<b>KURRIKULUM EN KODE</b>	<b>METODE VAN AFLEWERING</b>	<b>NKR-VLAK</b>
<b>Philosophiae Doctor (PhD)</b>	Leer en Onderrig: 404 110	Leer en Onderrig: O901P	Voltyds Deeltyds	9
	Natuurwetenskap- onderwys: 404 111	Natuurweten- skaponderwys: O902P	Voltyds Deeltyds	9
	Onderwysbestuur: 404 112	Onderwys-bestuur: O903P	Voltyds Deeltyds	9
	Onderwysreg: 404 113	Onderwysreg: O904P	Voltyds Deeltyds	9
	Opvoedkundige Sielkunde: 404 114	Opvoedkundige Sielkunde: O905P	Voltyds Deeltyds	9
	Vergelykende Opvoedkunde: 404 115	Vergelykende Opvoedkunde: O906P	Voltyds Deeltyds	9
	Wiskunde- onderwys: 404 116	Wiskunde-onderwys: O907P	Voltyds Deeltyds	9
<b>Philosophiae Doctor (PhD)</b>	Leerderondersteu- ning: 404 117	Leerderonder- steuning: 0908P	Voltyds Deeltyds	9
	Skoolvoorligting en begeleiding: 404 118	Skoolvoorligting en begeleiding: 0909P	Voltyds Deeltyds	9
	Filosofie van die opvoeding: 404 119	Filosofie van die opvoeding: O910P	Voltyds Deeltyds	9
	Menslike Bewegingsonder- wys 404 120	Bewegings- onderwys: O911P	Voltyds Deeltyds	9

KWALIFIKASIE	PROGRAM EN KODE	KURRIKULUM EN KODE	METODE VAN AFLEWERING	NKR-VLAK
	Rekenaarwetenskaponderwys: 404 121	Rekenaarwetenskaponderwys: O912P	Voltyds Deeltyds	9
	Opleiding en ontwikkeling: 404 122	Opleiding en ontwikkeling: O913P	Voltyds Deeltyds	9
<b>INDIENS- EN VERDERE OPLEIDINGSPROGRAMME</b>				
<b>Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS)</b>	Engels-onderwys: 423 122	Engels-onderwys: O433P	ODL (F)* Cedar IOL OLG	6
	Geografie-onderwys: 423 123	Geografie-onderwys: O434P/V	ODL (F) IOL OLG	6
	Geskiedenis-onderwys: 423 124	Geskiedenis-onderwys: O435P/V	ODL (F) IOL OLG	6
	Natuur- en Skeikunde-onderwys: 423 125	Natuur- en Skeikunde-onderwys (VOO- band): O436P	Sediba	6
	Natuur- en Skeikunde-onderwys: 423 125	Natuur- en Skeikunde-onderwys (AOO- band): O437)P/V	Sediba	6
	Professionele Onderwysontwikkeling: 423 129	Intermediêr- en Seniorfase: O446P	ODL (F) Upington OLG	6

KWALIFIKASIE	PROGRAM EN KODE	KURRIKULUM EN KODE	METODE VAN AFLEWERING	NKR-VLAK
	Professionele Onderwysontwikkeling: 423 129	Lewensoriën-tering: O447P	ODL (B&F) IOL OLG Cedar	6
	Professionele Onderwysontwikkeling: 423 129	Wiskundige Geletterdheid: O444P/V/M	ODL (B&F) OLG	6
	Leerderondersteuning: 423 130	Leerderondersteuning: O430P/V/M	ODL(F) IOL OLG	6
	Setswana-onderwys: 423 131	Setswana-onderwys: O439P	ODL (F)	6
	Wiskunde-onderwys: 423 134	Wiskunde-onderwys (VOO-band): O442P	Sediba	6
	Wiskunde-onderwys: 423 134	Wiskunde-onderwys (AOO- band): O443P/V/M	ODL (F) OLG IOL	6
	Tegnologie-onderwys: 423 136	Tegnologie-onderwys: O426P/M	ODL (F) OLG IOL	6
	Kurrikulum- en Professionele Ontwikkeling: 423 137	Kurrikulum- en Professionele Ontwikkeling: O429P/M	ODL (B1 &F)* IOL	6
	Skoolbestuur en -leierskap: 423 138	Skoolbestuur en -leierskap: O432P/M	ODL (B) IOL	6
	Sediba 423 107 NASOP 423 108	Faseer uit: 2010	Sediba/ NASOP	6

KWALIFIKASIE	PROGRAM EN KODE	KURRIKULUM EN KODE	METODE VAN AFLEWERING	NKR-VLAK
<b>Gevorderde Onderwyssertifikaat (GOS)</b>	Menslike Menslike Bewegingsonderwys 423 121	Menslike Bewegings- onderwys: O440P	ODL (F)* OLG	6
<b>Nasionale Professionele Onderwyssdiploma (NPOD)</b>	Grondslagfase (Graad R-3): 469 100	Grondslagfase (Graad R-3): O100P/M/V	ODL (B&F) OLG Cedar Upington	5
	Intermediêr- en Seniorfase (Graad 4-9): 469 101	Intermediêr- en Seniorfase (Graad 4-9): O101P/M/V	ODL (B&F) OLG Upington Cedar	5
	Senior- en Verdere Onderwys- en Opleidingsfase (Graad 7-12): 469 102	Senior- en Verdere Onderwys- en Opleidingsfase (Graad 7-12): O102P/M/V	ODL (B&F) OLG Upington Cedar	5

\* ODL – Open Distance Learning (Afkampus: Oopleer Afstandsonderwys) (B=Beurs Opvoedkunde, B1=Beurs Provinsie; F=Flexi vir logistieke doeleindes)

## **5. KWALIFIKASIES, RIGTINGS EN PROGRAMME**

In die Fakulteit Opvoedingswetenskappe kan verskillende kwalifikasies verwerf word. 'n Bepaalde kwalifikasie word in een of meer rigtings aangebied en in elke rigting is daar weer een of meer programme wat elkeen 'n vaste kurrikulum het. 'n Voornemende student moet dus eers besluit watter kwalifikasie hy of sy moet verwerf. Nadat 'n student besluit het watter kwalifikasie hy of sy wil verwerf, moet 'n studierigting gekies word, waarna hy of sy 'n keuse moet maak uit die verskillende programme wat in daardie rigting aangebied word.

## **6. MODULES EN KREDIETE**

Vakke word aangebied volgens modules waaraan 'n bepaalde kredietwaarde toegeken is. Elke module moet afsonderlik geslaag word.

### **OP.1 REËLS VIR DIE NAGRAADSE ONDERWYSSERTFIKAAT (NGOS)**

Hierdie kwalifikasie kan voltyds of deur Skoolgebaseerde Onderwysersopleiding (SBO) geneem word\*.

\*Geen studente word tot die SBO-NGOS program toegelaat vir 2009 nie.

#### **OP.1.1 DOEL VAN DIE KWALIFIKASIE**

1. NGOS dien as 'n verdere professionele (afrondings) kwalifikasie vir kandidate wat 'n 360- of 480 krediet Baccalaureus graad voltooi het en tot die onderwys profesie wil toetree.
2. Studente wat hierdie kwalifikasie, met 'n gefokusde visie op die klaskamer praktyk verwerf, is in staat om bewys te lewer van die kontekstuele rolle en vaardighede van 'n effektiewe onderwyser.

#### **OP.1.2 PROGRAMUITKOMSTE**

Na voltooiing van die program sal die studente toegerus en bemagtig word om:

- kennis en begrip van opvoedkundige teorie en praktyk te ontwikkel en te demonstreer;
- opvoedkundige teorie met toegepaste vaardighede te kan integreer;
- beplanning, ontwikkeling en implementering van leerprogramme in die Senior en Verdere Onderwys- en Opleidingsfases te demonstreer en as assesseerder en leerfasiliteerder van leer op te tree;
- as verantwoordelike, onafhanklike en deelnemende lede van die professionele opvoedkundige gemeenskap vaardighede, gesindhede en waardes in 'n diverse en veranderende nasionale en internasionale konteks te ontwikkel en te demonstreer;
- kritiese, kreatiewe en reflektiewe probleemoplossingsvaardighede in die opvoedkundige en sosiale konteks te ontwikkel en demonstreer.

#### **OP.1.3 DUUR VAN STUDIE**

Die minimumduur van die studie is een (1) jaar en 'n maksimum van twee (2) jaar.

#### **OP.1.4 TOELATINGSVEREISTES**

- OP.1.4.1 'n Eerste universiteitsgraad met twee erkende skoolvakke of 'n erkende kwalifikasie wat in totaal 360 krediete op NKR-vlak 6 optel en wat minstens twee erkende leerareas en/of skoolvakke insluit soos aangedui in O.P. 1.5.
- OP.1.4.2 Studente moet ook in staat wees om twee (2) metodieke te kan neem ten einde die kwalifikasie te verwerf. Die samestelling in die graadkursus kan een van die volgende wees:
- Erkende skoolvak/leerarea op vlak 3 + erkende skoolvak/leerarea op vlak 1
  - Erkende skoolvak/leerarea op vlak 2 + erkende skoolvak/leerarea op vlak 2;
  - Erkende skoolvak/leerarea op vlak 2 + erkende skoolvak/leerarea op vlak 1+ erkende skoolvak/leerarea op vlak 1. In die geval van 'n taal word aanbeveel dat die kandidaat ten minste vlak 2 voltooi het.
  - In geval van 'n keuse tussen metodiek van akademiese vakke reeds geslaag vir 'n vorige kwalifikasie moet die student die een neem waarin hy/sy die hoogste gekwalifiseer is.
- OP.1.4.3 'n Student wat slegs Plantkunde en Dierkunde (een minstens as hoofvak) en geen ander skoolvak in sy graadkursus ingesluit het nie, sal volle erkenning vir sy graad en die NGOS met Metodiek van Biologie en Metodiek van Leerarea Natuurwetenskap ontvang. Die studente moet registreer vir LIFD511 en LAND521.
- OP.1.4.4 'n Student wat slegs Fisika en Chemie (een minstens as hoofvak) en geen ander skoolvak in sy graadkursus ingesluit het nie, sal volle erkenning vir sy graad en die NGOS met Metodiek van Fisiesewetenskappe en Metodiek van Leerarea Natuurwetenskappe. Die student moet registreer vir PHSD511 en LAND521.
- OP.1.4.5 Studente wat nog nie hulle eerste graad voltooi het nie, kan by uitsondering toegelaat word. Studente moet spesiaal daarvoor aansoek doen by die Direkteur.

#### **OP.1.5 LYS VAN MODULES**

*Opmerking:*

- Die DP 40% dui op 'n deelnamepunt van 40% gedurende die semester.
- Studente wat B.Mus en BA Musiek en Samelewing verwerf het, neem LAAD511 en LAAD521 en ADSD521. Hierdie studente kry vrystelling van Musiekvakmetodiek (MSVD511) op grond van Modules reeds geslaag in B.Mus en BA Musiek en Samelewing.



MODULE KODE	MODULE NAAM	VOOREISTE	KR
ACCD511	Rekeningkundemetodiek		12
ADSD521	Aanvullende Metodiek: Kreatiwiteit vir Opvoeders		12
AFRD511	Afrikaansmetodiek		12
AFRD521	Afrikaansmetodiek		12
ARTD511	Kunsmetodiek		12
BSTD511	Besigheidstudiesmetodiek		12
CATD511	Rekenaartoepassingstegnologiemetodiek		12
COMF511	Rekenaars in die onderwys		8
ECOD511	Ekonomie Metodiek		12
EDCC511	Opvoedkundeteorie		8
EDCC512	Assesering		8
EDCC513	Professionele Studies		8
EDCC521	Opvoedkundige Sielkunde		12
EDCC522	Onderwysreg, -stelsels en -bestuur		12
EDCC523	Professionele Studies		8
ENGD511	English Methodology		12
ENGD521	English Methodology		12
GEOD511	Geografiemetodiek		12
HISD511	Geskiedenismetodiek		12
INTD511	Inligtingstegnologiemetodiek		12
LAAD511	Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek		12
LAAD521	Leerarea Kuns en Kultuurmetodiek		12
LABD521	Leerarea Ekonomiese en Bestuurswetenskappemetodiek		12
LAND521	Leerarea Natuurwetenskappemetodiek		12
LASD521	Leerarea Sosialewetenskappemetodiek		12
LIFD511	Lewenswetenskappemetodiek	Studente met slegs Fisiologie of Plantkunde of Dierkunde as hoofvak word voorwaardelik tot die NGOS toegelaat totdat die student bewys kan lewer dat die basiese kennis ten opsigte van plantkunde, dierkunde, ekologie en fisiologie verwerf is	12
LIFF521	Lewensvaardighede		12

<b>MODULE KODE</b>	<b>MODULE NAAM</b>	<b>VOOREISTE</b>	<b>KR</b>
LLOD511	Leerarea Lewensoriënteringmetodiek		12
LLOD521	Leerarea Lewensoriënteringmetodiek		12
MATD511	Wiskundemetodiek		12
MATD521	Wiskundemetodiek		12
MOVD511	Bewegingskundemetodiek		12
MSVD511	Musiekmetodiek		12
PHSD511	Fisiesewetenskappemetodiek		12
RSVD511	Religiestudiesmetodiek		12
RSVD521	Religiestudiesmetodiek		12
SEMD511	Setswanametodiek (Moedertaal)		12
SEMD521	Setswanametodiek (Moedertaal)		12
SEND511	Setswanametodiek (Nie Moedertaal)		12
SEND521	Setswanametodiek (Nie Moedertaal)		12
TECD521	Leerarea Tegnologiemetodiek		12
TGNO511	Tegnologie		8
TGNO521	Tegnologie		8
TRVD511	Toerismemetodiek		12
VWVD511	Verbruikerswetenskappe Metodiek		12
*ZOND511	Zoeloemetodiek		12
*ZOND521	Zoeloemetodiek		12

\* WORD NIE IN 2009 AANGEBIED NIE

**OP.1.6 PROGRAM : NGOS SENIOR EN VERDERE ONDERWYS- EN OPLEIDINGSFASE  
424 107**

**[Voltyds, Skoolgebaseerde Onderwysersopleiding (SBO)]**

Met hierdie sertifikaat mag 'n onderwyser vanaf Graad 7 tot 12 onderrig.

**OP.1.6.1 Lys van modules**

Raadpleeg OP.1.5.

**OP.1.6.2 Kurrikulumsamestelling**

'n Student stel sy/haar kurrikulum saam uit die verpligte modules (kyk OP.1.5) en 'n keuse van twee metodieke uit die lys van kernmodules.

**OP.1.6.3 KURRIKULUM O160P**

<b>EERSTE SEMESTER</b>	
<b>MODULEKODE</b>	<b>KREDIETE</b>
<b>Fundamentele modules</b>	
COMF511	8
TGNO511	8
<b>Kern modules</b>	
EDCC511	8
EDCC512	8
EDCC513	8
<b>TWEE van die volgende metodieke</b>	
ACCD511	12
AFRD511	12
ARTD511	12
BSTD511	12
CATD511	12
ECOD511	12
ENGD511	12
GEOD511	12
HISD511	12
LAAD511	12
LIFD511	12
LLOD511	12
MATD511	12
MOVD511	12
PHSD511	12
RSVD511	12

<b>TWEEDE SEMESTER</b>	
<b>MODULEKODE</b>	<b>KREDIETE</b>
<b>Fundamentele modules</b>	
LIFF521	12
TGNO521	8
<b>Kern modules</b>	
EDCC521	12
EDCC522	12
EDCC523	8
<b>Kies twee van die volgende</b>	
AFTB521	2
ENTB521	
TWTB521	
SSTB521	
ZOTB521	
<b>Voortsetting van die gekose metodieke</b>	
LABD521 Of ADSD521	12
AFRD521	12
LAAD521	12
LABD521 of ADSD521	12
TECD521	12
LABD521 of ADSD521	12
ENGD521	12
LASD521	12
LASD521 of ADSD521	12
LAAD521	12
LAND521	12
LLOD521	12
MATD521	12
LLOD521 of ADSD521	12
LAND521 of ADSD521	12
RSVD521	12

SEMD511	12	SEMD521	12
SEND511	12	SEND521	12
TRVD511	12	LABD521 of ADSD521	12
VWVD511	12	TECD521	12
ZOND511	12	ZOND521	12
<b>Totaal 1e semester</b>	<b>64</b>	<b>Totaal 2e semester</b>	<b>78</b>
		<b>Totaal vir die Kurrikulum</b>	<b>142</b>

### KURRIKULUM 0998P: Enige ander 2 module lys in OP.1.5

#### OP.1.7 EKSAMINERING (ASSESSERING)

##### OP.1.7.1 Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module waarin eksamen gekryf word, geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys uitgereik deur die skooldirekteur nadat aan die vereistes van die betrokke kurrikulum en/of module voldoen is.
- b) Die deelnamepunt vir 'n module word saamgestel uit toetse, werkstukke en praktiese werk waar van toepassing.
- c) Die verhouding tussen teorie en prakties vir die berekening van die deelnamepunt vir modules is soos uiteengesit in die betrokke studiegids.

##### OP.1.7.2 Modulepunt

Die modulepunt vir modules waarin eksamen geskryf word, word volgens die voorskrifte van A.1.38 en A.8.7.4. bereken volgens die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos aangegee is by die module-uitkomste aan die einde van die fakulteitreeks in hierdie jaarboek (kyk OP.2).

##### OP.1.7.3 Vordering en slaagvereistes van 'n kurrikulum

- a) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf word, is 40% (A.8.75.)
- b) Die slaagvereistes vir 'n module waarin eksamens geskryf is, is 50%. (A.8.7.1).
- c) 'n Kurrikulum word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is afsonderlik te slaag.
- d) Formatiewe evaluering sal in die vorm van verpligte klastoetse, opdragte, mikro-onderwys, projekte en semestereksamens geskied.
- e) Studente kan met die deurlopende evaluering leereenhede afhandel as die gestelde spesifieke uitkomste bereik word.
- f) Formatiewe en summatiewe evaluering gerig op die bereiking van die uitkomste in OP.2 word in die kurrikulum geïntegreer en geskied veral tydens praktiese- en mikro-onderwys.
- g) Daar sal in hierdie kurrikulum van die volgende evalueringsmetodes gebruik gemaak word:
  - i. Kriteriatoetse (om bemeestering van kennis te toets);
  - ii. Projekte (om probleemoplossingsvaardighede te evalueer);
  - iii. Selfassessering;
  - iv. Die ontwerp van leerkurrikulums (om bemeestering van vakinhoudelike kennis en insig en die vaardighede om leerkurrikulum te ontwerp, te toets of te evalueer);

- v. Die skryf van navorsingsverslae om navorsingsvaardighede te evalueer;
- vi. Mikro- en praktiese onderwys (om 'n holistiese beeld van leerders se kennis, insig en vaardighede as voornemende opvoeders te bekom).

## **OP.1.8 ANDER REËLS**

### **OP.1.8.1 Gerigte waarneming**

- a) Studente moet voor die aanvang van die kursus minstens twee weke lank 'n goedgekeurde skool vir voorbereidende praktiese onderwys bywoon.
- b) Indien daar grondige redes is waarom 'n student nie aan hierdie vereiste voldoen nie, kan dit vroeër/later met skriftelike goedkeuring van die Direkteur gedoen word.
- c) SBO studente doen hul gerigte waarneming by die skool waar hulle hul leerderskapopleiding doen.

### **OP.1.8.2 Praktiese Onderwys**

#### **OP.1.8.2.1 Voltydse Studente:**

- a) Alle kampus studente moet deelneem aan die Praktiese Onderwysprogram. Die Praktiese Onderwys van die voltydse program verskil van die afstandsonderrigprogram. Alle studente moet egter in totaal 12 weke (waarneming ingesluit) Praktiese Onderwys voltooi voordat 'n sertifikaat toegeken kan word.
- b) Praktiese onderwys vereis addisionele finansiële koste wat self deur studente gedra moet word. Die kostes is nie ingereken by klasgelde nie.

#### **OP.1.8.2.2 SBO Studente:**

- a) SBO studente neem nie deel aan die Praktiese onderwysprogram nie, aangesien hulle voltyds by die skool ingeskakel is. Hulle word wel deur streekskoördineerders, mentore en dosente besoek waartydens die aanbod van lesse geassesseer word.
- b) Studente is verplig om ten minste twee kontakssessies op kampus by te woon, die addisionele kostes moet self deur studente gedra word, en is nie ingereken by klasgelde nie.

### **OP.1.8.3 Verwerwing van taalendossemente**

Alle studente moet twee (2) taalendossemente verwerf. Studente (Nie-moedertaalsprekers) kry op grond van die feit dat matriek geslaag is en 'n eerste graad voltooi is, outomaties a, e en t. Nie-moedertaalsprekers wat wil kwalifiseer vir A, E en T moet aanmeld vir 'n taalbevoegdheidstoets waarvoor addisioneel betaal moet word. Moedertaalsprekers moet ook aanmeld vir 'n outomatiese A, E of T. Studente wat in die moeder- / eerste taal ten minste 24 krediete behaal het kry 'n A, E, of T ens.

OP.2 MODULE-UITKOMSTE

Modulekode: ACCD511	Semester 1	12 Krediet	NKR-Vlak: 6
<p><b>Titel:</b> Rekeningkunde Metodiek</p> <p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• in die konteks van nagraadse studie oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis te beskik t.o.v. lesbeplanning, leerderprogramontwikkeling, onderrig hulpmiddele en onderrigbestuur van die vakdidaktiek van Rekeningkunde;</li> <li>• 'n ingeligte begrip te demonstreer van die sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë aangaande die aanbieding van Rekeningkunde met verwysing na die Nasionale Kurrikulum;</li> <li>• inligting in te samel, te organiseer, krities te analiseer en te interpreteer, en inligting samehangend en betroubaar te kan kommunikeer, individueel en in groepsverband; en</li> <li>• inligting te selekteer en die nodige aanbiedingsvaardighede te ontwikkel deur gepaste tegnologie aan te wend in ooreenstemming met Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP).</li> </ul> <p><b>Metode van Aflewering:</b> Kontak, Voltyds, SBO</p> <p><b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50%, 1x2 uur geskrewe eksamen 50%</p>			

Modulekode: ADSD521	Semester 2	12 Krediet	NKR-Vlak: 6
<p><b>Titel:</b> Aanvullende Metodiek: Kreatiwiteit vir Opvoeders</p> <p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• oor 'n omvattende en sistematiese kennisbasis van kreatiewe onderwys te beskik;</li> <li>• 'n ingeligte en kritiese verstaan te toon van beginsels en teorieë met betrekking tot kreatiewe onderwysers, leerders en die klaskamer, kritiese, analise, sintese en evaluering van kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting in die verband;</li> <li>• oor die vermoë beskik om akademies-professionele inligting effektief aan te bied;</li> <li>• samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband;</li> <li>• die kennis en vaardighede wat jy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om enige vak effektief en volgens etiese gevestigde norme en waardes op 'n kreatiewe wyse binne die raamwerk van Uitkomsgebaseerde Onderwys aan te bied.</li> </ul> <p><b>Metode van Aflewering:</b> Kontak, Voltyds, SBO</p> <p><b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50%, 1x2 uur geskrewe eksamen 50%</p>			

Modulekode: AFRD511	Semester 1	12 Krediet	NKR-Vlak: 6
<p><b>Titel:</b> Afrikaansmetodiek</p> <p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• leermateriaal en geïntegreerde leerderaktiwiteite te kan saamstel om huistaal- en addisionele taal leerders te begelei in die bereiking van gestelde leeruitkomst;</li> <li>• om gepaste assesseringsvorme, deur middel waarvan leerders in graad 7-12 se voldoening aan bepaalde assesseringstandaarde gemeet kan word, te kan implementeer;</li> <li>• verworwe kennis oor die interpretasie en implementering van die NKV te kan gebruik om geïntegreerde lesse saam te stel;</li> <li>• om die voorskrifte van relevante departementele dokumente in breë trekke in ag te neem by die uitvoering van portefeulje-opdragte oor verskillende fasette van die onderrig van Afrikaans.</li> </ul> <p><b>Metode van Aflewering:</b> Kontak, Volyds, SBO</p> <p><b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50%, 1x3 uur geskrewe eksamen 50%</p>			

Modulekode: AFRD521	Semester 2	12 Krediet	NKR-Vlak: 6
<p><b>Titel:</b> Afrikaansmetodiek</p> <p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• met insig en in fyner besonderhede uitvoering te gee aan die voorskrifte van relevante departementele dokumente wanneer geïntegreerde lesse vir leerders in die Senior Fase saamgestel word én wanneer verslag gedoen word van leerdervordering;</li> <li>• departementele voorskrifte ten opsigte van die samestelling van werkskedules, assesseringsprogramme en lesbeplanning vir die onderrig van Afrikaans aan leerders in Gr. 7-12 te kan uitvoer;</li> <li>• verskillende handboeke en ander soorte leermateriaal te kan beoordeel ten opsigte van die geskiktheid daarvan vir bepaalde leerdergroepe en bepaalde onderrigsituasies</li> </ul> <p><b>Metode van Aflewering:</b> Kontak, Volyds, SBO</p> <p><b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50%, 1x3 uur geskrewe eksamen 50%</p>			

Modulekode: AFTD511	Semester 1	12 Krediet	NKR-Vlak: 6
<b>Titel:</b> Kunsmetodiek			
Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:			
<ul style="list-style-type: none"> <li>• bewys te kan lewer van 'n uitgebreide kennis en insig van kuns-teoretiese en vakterminologieses aspekte wat bekom is gedurende die bereiking van die graadkwalifikasie;</li> <li>• hierdie kennis en insig op 'n kritiese, sinvolle en geïntegreerde wyse toe te pas op alle areas van kunsteorie en geskiedenis in 'n onderrig- en leersituasie in sowel Senior Fase kuns as in Leerarea Kuns en Kultuur;</li> <li>• verskillende modelle van Kunsonderrig krities te kan ontleed en evalueer, en toe te pas op 'n vaardige en selfstandige wyse wat sal bydrae tot die begrip en genot van die vak. (Mikrolesse, klasaanbiedinge en praktiese onderwys.)</li> <li>• bewys te kan lewer van 'n gevorderde graad van tegniese en praktiese vaardighede en kennis wat leerders se praktiese aktiwiteite sal bevestig en ondersteun, bepaalde take en projekte binne 'n realistiese tyd, ruimte en hulpbronnepbeperking te beplan, bestuur en afhandel binne die konteks van 'n onderrig- en leersituasie in veral die Senior Fase;</li> <li>• 'n bevoegdheid te toon om die besonderhede van vakdidaktiese aspekte en waardes deur middel van lesaanbieding in kuns, veral Senior Fase, toe te pas; as ook om bewys te kan lewer van u bevoegdheid om lesse vir spesifieke toepassing op die geïntegreerde en relevante komponente van kuns in die VOO-fase te kan beplan, en binne die konteks van die NKV te gebruik (deur middel van klasaanbiedinge, werkopdragte, eksamens, mikrolesse en praktiese onderwys);</li> <li>• 'n waarde-beoordeling van kunswerke, teorieë en modelle te kan doen, ook ten opsigte van die teenwoordigheid van bepaalde sensitiewe inhoud, kulturele verskille en aktualiteite daarin, ten einde bewys te kan lewer van u bevoegdheid en vvaardigheid om eties-verantwoordelike gedrag te kan openbaar in die keuse van vakinhoud, die samestelling van lesse en die aanbieding van die vak Kuns in die Senior Fase, die VOO-fase en ook selfs in die Leerarea Kuns en Kultuur;</li> <li>• bewys te kan lewer van 'n goed-gevestigde lewens- en wereldbeskouing wat sal reflekteer in u vermoë om 'n inklusiewe, geïntegreerde metode van kunsonderrig toe te pas binne 'n multikulturele en multilinguïstiese onderrigsituasie. (mikrolesse, praktiese onderwys, klasaanbiedings, eksamens, navorsing en werksopdragte).</li> </ul>			
<b>Metode van Aflewering:</b> Kontak, Voltyds, SBO			
<b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50%, 1x3 uur geskrewe eksamen 50%			



Modulekode: BSTD511	Semester 1	12 Krediet	NKR-Vlak: 6
<p><b>Titel:</b> Besigheidstudie Metodiek</p> <p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n volledige, in-diepte en sistematiese kennisbasis te beskik van die Nasionale Kurrikulum verklaring soos van toepassing op Besigheidstudies in die VOO Fase, onderwyserportefeuljes, leerderprogramme en assessering,</li> <li>• temas kan identifiseer wat relevant is tot die Nasionale Kurrikulum verklaring soos van toepassing op Besigheidstudies in die VOO Fase en aktiwiteite te kan beplan wat die samehangende begrip van konsepte, idees, teoriee, beginsels en reëls te ondersteun en</li> <li>• onbekende en abstrakte inligting in hierdie verband te kan aanwend deur die gebruik van grafieke en teorie-gedrewe argumente en IT vaardighede effektief te kan aanwend om inligting in te samel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer; probleemoplossingsvaardighede te demonstreer ten einde lesse te beplan en aan te bied in Besigheidstudies deur gebruik te maak van gepaste tegnologie, onbekende en abstrakte inligting, grafieke, teorie-gedrewe argumente en IT vaardighede om inligting te versamel, organiseer, krities te evalueer en te interpreteer en bewys te lewer van teoretiese ondersteuning; en</li> <li>• didaktiese aspekte van Besigheidstudies effektief aan leerders in die klaskamer te kommunikeer op 'n etiese, samehangende en betroubare wyse deur gebruik te maak van individuele - en groepsmetodes.</li> </ul> <p><b>Metode van Aflewering:</b> Kontak, Voltyds, SBO</p> <p><b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50%, 1x3 uur geskrewe eksamen 50%</p>			

Modulekode: CATD511	Semester 1	12 Krediet	NKR-Vlak: 6
<p><b>Titel:</b> Rekenaartoevoegingstechnologie Metodiek</p> <p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• uitgebreide en sistematiese kennis kan demonstreer van toepaslike beleidsdokument van Rekenaartoevoegingstechnologie in die VOO-fase:</li> <li>• grondige praktiese vaardighede kan demonstreer tydens die beplanning, aanbieding en assessering van teoretiese sowel as praktiese RTT-lesse;</li> <li>• die vermoë om uitkomsgebaseerde RTT-onderrig en -leer in die VOO-fase kan demonstreer;</li> <li>• die etiese gebruik van verskillende RTT-studiemateriaal kan demonstreer en evalueer.</li> </ul> <p><b>Metode van Aflewering:</b> Kontak, Voltyds, SBO</p> <p><b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50%, 1x3 uur geskrewe eksamen 50%</p>			

Modulekode: COMF511	Semester 1	12 Krediet	NKR-Vlak: 6
<p><b>Titel:</b> Rekenaar in die Onderwys</p> <p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• grondige kennis van e-Leer asook die e-Education beleid te demonstreeer;</li> <li>• kennis en vaardighede ten opsigte van ITK integrasie in skole te demonstreeer;</li> <li>• 'n rekenaargeintegreerde les te beplan, ontwerp en aan te bied; en</li> <li>• etiese en morele aspekte ten opsigte van die gebruik van ITK in skole krities te evalueer.</li> </ul> <p><b>Metode van Aflewering:</b> Kontak, Voltyds, SBO</p> <p><b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50%, 1x2 uur geskrewe eksamen 50%</p>			

Modulekode: ECOD511	Semester 1	12 Krediet	NKR-Vlak: 6
<p><b>Titel:</b> Ekonomie Metodiek</p> <p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• in die konteks van nagraadse onderwysstudie oor 'n omvattende en sistematiese kennisbasis van die Nasionale Kurrikulum Verklaring en ander verwante departementele beleidsdokumente vir graad 10 – 12 te beskik en te kan toepas en 'n ingeligte en kritiese verstaan te toon van beginsels en teorieë met betrekking tot klaskamerbestuur, kreatiewe onderwysers en aktiewe leer in die ekonomie-klaskamer;</li> <li>• kritiese analise, sintese en evaluering van kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting in verband met klaskameradministrasie, -organisasie en rekordhouding te kan doen;</li> <li>• or die vermoë beskik om akademies-professionele inligting rakende die assessering van ekonomie-onderrig en die beplanning en voorbereiding van 'n ekonomie les effektief aan te bied deur effektiewe gebruikmaking van IT vaardighede en samehangend en betroubaar te kommunikeer in individuele of in groepsverband;</li> <li>• die kennis en vaardighede wat hy in hierdie module bemeester het, in die toekoms te kan gebruik om die vak Ekonomie effektief en volgens die norme en waardes soos deur die Onderwys departement voorgeskryf aan graad 10 – 12 leerders op die Uitkomsgebaseerde Onderwys benadering te kan aanbied.</li> </ul> <p><b>Metode van Aflewering:</b> Kontak, Voltyds, SBO</p> <p><b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50%, 1x3 uur geskrewe eksamen 50%</p>			

Modulekode: EDCC511	Semester 1	8 Krediet	NKR-Vlak: 6
<p><b>Titel:</b> Opvoedkundeteorie</p> <p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• dat studente 'n breëbasisbegrip van die verskeidenheid opvoedkundeteorieë, idees en konsepte wat die huidige sosiale wetenskap- en opvoedkundige landskap kenmerk, sal opdoen,</li> <li>• dat studente - as toekomstige professionele opvoeders in verskillende kontekste (skole, klinieke, kolleges, universiteite, semi-staatsinstellings, nie-regeringsinstellings, ontwikkelingsorganisasies en regeringsinstellings) – 'n minimumvlak van bekwaamheid met betrekking tot die toepassing van die belangrikste opvoedkundeteorieë, idees en konsepte binne hulle (toekomstige) opvoedkundige praktyke sal ontwikkel,</li> <li>• dat studente die vermoë sal ontwikkel om hulle eie teoretiese konseptuele begrypinge op hulle uitvoering van basiese onderwysgerigte navorsing toe te pas en om hulle eie teoretiese insigte op grond van die resultate van empiriese navorsing te verruim.</li> </ul> <p><b>Metode van Aflewering:</b> Kontak, Voltyds, SBO</p> <p><b>Assesseringsmetodes:</b> Deurlopende assessering 50%, 1x2 uur geskrewe eksamen 50%</p>			

Modulekode: EDCC512	Semester 1	8 Krediet	NKR-Vlak: 6
